

## Die effektiewe priesterorde van Melgisedek

Heb 7:11-19

31 Julie 2022

1. Heb 7:1-10 – Priesterorde van Melgisedek is meer verhewe as die Levitiese priesterorde.
2. Heb 7:11-19 – Priesterorde van Melgisedek is effektief, anders as die Levitiese priesterorde
3. Vers 11: Hoekom is ander priesterorde nodig as Levitiese priesterorde volmaaktheid kon bewerk?
  - a. Volmaaktheid = Priesters moes as tussenganger offers bring om 'n standhoudende en volmaakte verhouding tussen God en mense te bewerk
  - b. Levitiese priesterorde hang saam met ander wette oor sake soos tabernakeldiens, offerdiens, feestye, lewe in die gemeenskap
  - c. God het by Sinai Leviete aangestel en die wette gegee – sou verwag as die priesters getrou was in hulle rol, sou dit tot volmaaktheid kon lei
4. Verse 13-14: Die ander Priester wat moet kom, kom uit ander stam as Levi
  - a. Maar God het dan by Sinai gesê priesters mag net uit Levi kom
  - b. Die ander Priester is Jesus, en Hy kom uit Juda
  - c. OT profesieë verwag 'n Koning uit Juda, maar niks word van 'n Priester uit Juda gesê nie (Gen 49:10, 2 Sam 7:12, Jes 11:1-5)
  - d. Self OT konings in Juda mog nie priesterwerk doen nie (2 Kron 26:16-18)
5. Vers 12, 15-17: As Levitiese priesterorde moet verander, sal die wette wat daarmee saamgaan ook moet verander
  - a. As die ander Priester volgens die orde van Melgisedek is, sal die Levitiese wette ook moet verander (bv.: Levitiese afstamming sal aangepas moet word, voorskrifte oor opvolging sal verander moet word)
  - b. 10 Gebooie is nie ingesluit in die nodige wetverandering nie:
    - i. Inhoud van 10 gebooie is beskrywing van God se wese, wat onveranderlik is
    - ii. Oorgang van priesterorde verander nie God se standaard nie
6. Verse 18-19: Levitiese priesterorde en wette word opgehef, omdat dit kragtelos en nutteloos was om volmaaktheid te bewerk
  - a. Levitiese priesterorde was oneffektief want:
    - i. Bloed van diere is oneffektief om vir mense se sonde versoening te doen
    - ii. Levitiese priesterorde verander nie die harte van die volk nie
    - iii. Levitiese priesterorde het niks bygedra om kop van die slang te vermorsel nie
  - b. Levitiese priesterorde is deur God ingestel bloot as 'n tipe om te leer oor die werk van die ander Priester wat sou kom – as 'n tipe was dit kragtig en nuttig
  - c. Die verwysings na Melgisedek in Gen 14 en Ps 110 as 'n komende Priesterkoning, asook profesieë dat die Verlosser uit Juda sou kom, moes verwagting geskep het dat Levitiese priesterorde opgehef sou word
  - d. Die ander Priester volgens priesterorde van Melgisedek bring hoop (sekerheid) op volmaaktheid: 2 Kor 5:21 – Koning van geregtigheid, Rom 5:1 – Koning van vrede, 1 Joh 2:8 – Bring lig in duisternis, Ef 2:18 – vrye toegang tot Vader, Joh 17:24a – bring gelowiges tot by die Vader, 1 Pet 1:8 – bring onuitspreeklike en heerlike blydskap, 1 Kor 1:30b-31 – bewerk roem in die Here